



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 11

NOVEMBER 2016

**DANSSTUDIES
MEMORANDUM**

PUNTE: 100

Hierdie memorandum bestaan uit 16 bladsye.

NOTA AAN MERKERS/ONDERWYSERS:

Hou streng by hierdie memorandum wanneer nagesien word. In sommige kwalitatiewe vrae moet jy jou professionele en ingeligte oordeel uitoefen.

Hierdie vraestel moet deur ervare dansonderwysers nagesien word aangesien dit spesialiskennis vereis.

- By sommige vrae het kandidate 'n keuse. Indien kandidate beide vrae beantwoord het, sien slegs die antwoorde op die eerste vraag na.
- Kandidate kan 'n wye verskeidenheid antwoorde gee, afhangende van wat hulle in die klas behandel het.
- Hoë, medium of lae kognitiewe vlakke wat in elke antwoord verwag word, word in die Fokustabel onder elke vraag ingesluit.
- MOENIE volpunte toeken vir opstel-/paragraaftipe vrae indien daar taal- en spelfoute voorkom nie en ook nie as die antwoord in die verkeerde formaat geskryf is nie.
- Nasieners moet NIE volpunte toeken vir 'n antwoord wat oppervlakkig en ontoereikend is NIE.
- Wees op die uitkyk vir wat die kandidaat weet, en nie vir wat hy/sy nie weet nie.

AFDELING A VEILIGE DANSPRAKTYK EN -GESONDHEIDSORG**VRAAG 1 BELYNING/KERNSTABILITEIT****MEMO:**

FOKUS VAN VRAAG	ONDERWERPE			VERMOËNSVLAKKE		
	1	2	3	LAAG	MEDIUM	HOOG
Belyning/kernstabiliteit	√					
Herkenning – 1.1				2		
Analisering – 1.2					3	
Analisering – 1.3					3	
Toepassing – 1.4					2	

NOTA AAN MERKERS:

Baie moontlike antwoorde kan gegee word. Gebruik professionele oordeel wanneer die kwaliteit van die kandidate se antwoorde geassesseer word. Kolpunte word gebruik om nasien te vergemaklik.

VOORBEELDE VAN MOONTLIKE ANTWOORDE:

1.1 *Ken 2 punte toe vir 'n beskrywing van wat belyning is.*

- Die wyse waarop die gewrigte gedurende beweging met mekaar belyn.
- Die posisie van die liggaamsdele in verhouding met die hele liggaam. (2)

1.2 *Ken 3 punte toe vir 'n verduideliking oor die belangrikheid van kernstabiliteit vir 'n danser.*

Hieronder is TWEE voorbeelde verskaf, maar die leerder kan ander gee.

- Met kernstabiliteit sal 'n goeie postuur en balans gehandhaaf word.
- Dit help jou om die liggaam vryelik te beweeg sonder om druk op die gewrigte en ruggraat te plaas.
- Met kernstabiliteit sal jy kragtige bewegings van die arms en bene kan uitvoer.
- Dit help jou om bewegings te beheer.
- Kernsterkte help jou om gewig vinnig te verplaas (vinnige rigting veranderings). (3)

1.3 *Ken 3 punte toe as die leerder kan verduidelik hoe om kernstabiliteit te ontwikkel en te behou.*

- Beoefen goeie postuur te alle tye.
- Gebruik die abdominale spiere tydens al die bewegings.
- Trek die abdominale spiere binne toe en opwaarts na die ruggraat.
- Hou 'n balans tussen die abdominale spiere aan die voorkant en die lae rug spiere van die rug.
- Kondisioneer die stabiliserende spiere gedurende bewegende- en stilhouposisies. (3)

1.4 Ken 2 punte toe as die leerder een oefening kan bespreek wat kernstabiliteit kan ontwikkel.

- Die Plankoefening sal 'n sterk kern ontwikkel.
- Begin in 'n opstootposisie met jou hande plat op die vloer en direk onder jou skouers geplaas, bene uitgestrek en voete bymekaar.
- Hou jou rug so plat as moontlik.
- Jou kop en nek is in lyn met jou ruggraat – gesig na die grond.
- Terwyl jy op jou voete en elmboë balanseer, lig die liggaam weg van die grond terwyl jy jou elmboë reguit maak en keer terug na die vloer.
- Hierdie posisie kan vir toenemende duurties van tyd behou word.

(2)
[10]

**JY HET 'n KEUSE TUSSEN VRAAG 2 EN VRAAG 3.
BEANTWOORD SLEGS EEN VRAAG.**

VRAAG 2 (KEUSEVRAAG) – GEWRIGTE/ANATOMIESE AKSIES

MEMO:

FOKUS VAN VRAAG	ONDERWERPE			VERMOËNSVLAKKE		
	1	2	3	LAAG	MEDIUM	HOOG
Gewrigte/anatomiese aksies	√					
Herkenning – 2.1				4		
Analisering – 2.2					4	
Herkenning – 2.3				2		

ANTWOORDE:

VOORBEELD VAN MOONTLIKE ANTWOORDE:

		Gewrigtipe	Liggaamsdeel waar dit te vinde is	EEN anatomiese beweging
2.1	2.1.1	Bal-en-potjie-gewrig	Heup/skouer	Fleksie/ekstensie/ abduksie/adduksie/ rotasie
	2.1.2	Skarniergewrig	Knie/elmboog/enkel	Fleksie/ekstensie

(2)
(2)

2.2 Ken 4 punte toe vir 4 feite oor die funksies van die geraamte.

- **Ondersteuning** vir omliggende weefsel.
- **Beskerming** vir die belangrike organe en ander sagte weefsel van die liggaam.
- **Vorm** en fatsoen van die liggaam.
- **Aanhegting** vir spiere.
- **Stoorarea** vir minerale en kalsium.
- **Bloedselle** wat in die rooi beenmurg gevorm word.
- **Hefbome** vir beweging deur die artikulasie van die gewrigte.

(4)

2.3 2.3.1 Dorsifleksie

(1)

2.3.2 Inversie

(1)

[10]

VRAAG 3 (KEUSEVRAAG) – SPIERE/ANATOMIESE AKSIES**MEMO:**

FOKUS VAN VRAAG	ONDERWERPE			VERMOËNSVLAKKE		
	1	2	3	LAAG	MEDIUM	HOOG
Spiere/anatomiese aksies	√					
Herkenning – 3.1				4		
Toepassing – 3.2					4	
Herkenning – 3.3				2		

3.1 A – *Trapezius*
 B – *Deltoid*
 C – *Triceps*
 D – *Latissimus dorsi* (4)

3.2 3.2.1 Abduksie (1)

3.2.2 Rotasie (1)

3.2.3 Plantaarfleksie (1)

3.2.4 Ekstensie (1)

3.3 Enige twee:

Kernstabiliteit sal die spiere aan die voorkant (anterior) van die liggaam betrek:

- *Rectus Abdominus*
- Internal/external oblique's
- Transverse *abdominus*

Hierdie sal die spiere aan die agterkant (posterior) van die liggaam betrek:

- *Erector spinae*
- Multifidus
- *Gluteusspiere*

(2)
[10]

VRAAG 4 VOETE/SKEENBESERINGS**MEMO:**

FOKUS VAN VRAAG	ONDERWERPE			VERMOËNSVLAKKE		
	1	2	3	LAAG	MEDIUM	HOOG
Voete/skeenbeserings	√					
Herkenning – 4.1				2		
Toepassing – 4.2					2	
Toepassing – 4.3					2	
Evaluering – 4.4						4

NOTA AAN MERKERS:

Gebruik professionele oordeel wanneer die kwaliteit van die kandidate se antwoorde geassesseer word. Kolpunte word gebruik om nasien te vergemaklik.

VOORBEELD VAN MOONTLIKE ANTWOORDE:

4.1 *Ken 2 punte toe vir 'n beskrywing van die eise wat op 'n danser se voete in die dansklas geplaas word.*

- Verskillende dansstyle vereis verskillende aksies en sommige van hierdie aksies is onnatuurlik vir die voete.
- Dansers doen draaie of stamp met kaal voete of dans op hul tone.
- Dansers dans ook op verskillende dansoppervlaktes, soos sement, wat verdere spanning op die voete plaas.
- Krake en gate in vloerplanke kan die vel van die voete oop skeur.
- Omdat 'n danser se voete daagliks eise en spanning moet hanteer, behoort hulle spesiale aandag aan hul voete te gee.

(2)

4.2 *Ken 2 punte toe vir 'n verduideliking oor hoe om krag en soepelheid in jou voete te ontwikkel.*

- Die beste oefeninge wat krag en soepelheid ontwikkel is die wat elke dag in die klas gedoen word soos; tendus/voetborsels, réleve's/rises, grawings, klein spronge en voetmanipulasies.
- Doen voetoefeninge terwyl jy lê of op die vloer sit, bv. punt of fleks die voete en gebruik klein balle om die verskillende gedeeltes van die voete te versterk.

(2)

4.3 *Ken 2 punte toe vir 'n verduideliking oor hoe om atleetvoete te voorkom.*

- Hou jou voete droog en skoon.
- Vermoed dit om kaalvoete in publieke plekke te loop.
- Maak jou voete deeglik tussen die tone droog.
- Maak seker dat jou stort en kleedkamer is skoon.

(2)

4.4 Ken 4 punte toe vir 'n bespreking oor die behandeling vir skeenbeserings.

- Prevention (voorkoming) – moet nie dans/spring op soliede sement vloere nie, d.w.s. 'n vloer wat nie 'n geveerde dansvloer is nie.
- **Rest (RUS)** – verminder oefeninge. Stop wanneer jy pyn voel.
- **Ice (YS)** – om inflammasie te verminder.
- **Compress (Druk)** – gebruik 'n beenskerm (*strapping*) om die beseerde area te ondersteun.
- **Elevation (Elevasie)** – lig die onderste been bokant die hart.
- Die meeste oorsake van skeenbeserings is deur oorgebruik (*overuse*).
- Strek die kuitspiere en versterk die voorkant van die been onder die knie. Moet nie die *Tibialis anterior*, *Gastrocnemius* en Soleusspiere oorreëk nie – gaan geleidelik in die strekking.
- Maak seker dat jy jou postuur gedurende dans korrek hou, want deur te ver vooroor te leun terwyl jy dans, veroorsaak spanning op die onderste been.
- As die pyn aanhou, moet jy mediese hulp verkry.

(4)
[10]

VRAAG 5 STEREOTIPE/POSITIEWE LIGGAAMSBEELD/VOEDING

MEMO:

FOKUS VAN VRAAG	ONDERWERPE			VERMOËNSVLAKKE		
	1	2	3	LAAG	MEDIUM	HOOG
Stereotipe/positiewe liggaamsbeeld/voeding	√					
Herkenning – 5.1				2		
Analysis - 5.2					3	
Analisering – 5.3					2	
Evaluering – 5.4						3

MOONTLIKE ANTWOORDE:

5.1 Ken 2 punte toe vir 'n beskrywing oor hoe om stereotipes te verhoed.

- Moet nie mense saam groepeer nie; elke mens is verskillend en uniek.
- Vermoed dit om ander mense te oordeel.
- Jy moet ander mense se individualiteit respekteer.

(2)

5.2 Ken 3 punte toe vir 'n volledige verduideliking oor die voordele van 'n positiewe liggaamsbeeld.

'n Positiewe liggaamsbeeld sal jou selfvertroue gee en jou laat:

- Tuis voel in jou eie liggaam
- Gelukkig en vol selfvertroue voel oor wie jy is
- Weerstaan om onrealistiese druk op jou te plaas om soos iemand anders te lyk
- Meer positief emosioneel/geestelik voel
- Positiewe energie afgee in plaas van negatiewe energie

(3)

5.3 Ken 2 punt toe vir 'n verduideliking van die kossoorte wat in 'n danser se dieet ingesluit moet word om gesond te bly.

- Eet 'n verskeidenheid van heel kosse (natuurlik gegroeide kosse soos vrugte en groente).
- Sluit in belangrike vette soos olie van vis, neute, avokado en sade.
- Sluit in anti-oksidente wat jou daarteen beskerm om nie seer te voel nie, soos sitrusvrugte en helder kleurige vrugte en groente (tamaties, beet, wortels, bloubessies, ens.).

(2)

5.4 Ken 3 punte toe vir 'n bespreking oor die positiewe effekte van goeie voeding op die liggaam.

- Toename in energievlakke
- Toename in verstandelike waaksaamheid
- Toename in fiksheidsvlakke
- Instandhouding van die ideale gewig
- Vinnige herstelling van siektes/beserings
- 'n Sterker immuunstelsel
- Toename in krag
- Vermoë om stres te kan hanteer – goeie emosionele welstand
- 'n Positiewe houding teenoor oefening en opvoerings

(3)

[10]**TOTAAL AFDELING A: 40**

AFDELING B DANSGESKIEDENIS EN -GELETERDHEID

VRAAG 6 DANSVORME/BEGINSELS

MEMO:

FOKUS VAN VRAAG	ONDERWERPE			VERMOËNSVLAKKE		
	1	2	3	LAAG	MEDIUM	HOOG
Dansvorme/-beginsels			√			
Herkenning – 6.1				3		
Analisering – 6.2					4	
Evaluering – 6.3						3

MOONTLIKE ANTWOORDE:

6.1 *Ken 3 punte toe vir die herkenning van sommige dansbewegings wat in Afrika-dans gebruik word.*

- Knieë gebuig – dans naby aan die grond, d.w.s. om nie swaartekrag teen te staan nie.
- Ritmies – basiese en komplekse ritmes en patrone.
- Namaak en dramatisering van die natuurlike wêreld of die elemente soos vuur, die aarde, water en wind.
- Mans gebruik gewoonlik groot bewegings, insluitende opspring en spronge terwyl vroue kleiner bewegings gebruik soos geskuifel stappies.
- Die klank en ritme van die trom gee uiting aan die bui van die mense.
- Die bewegings bring die mense nader aan mekaar.

(3)

6.2 *Ken 4 punte toe vir 4 kenmerke van die hoofdansvorm.*

KLASSIEKE BALLET

- **Houding:** die bolyf word goed behou en ondersteun terwyl die mees belangrikste beweging in die arms en bene plaasvind.
- **Uitdraai:** uitwaartse rotasie van die bene vanaf die heupe, noodsaaklik vir klassieke ballet tegniek.
- **Plasing:** rangskikking van die kop, ruggraat en ledemate in die korrekte belyning met mekaar om 'n geordende, gebalanseerde vorm te skep.
- **Wette van balans:** 'n ewewigtigheid van die ledemate om 'n ewilibrum te handhaaf (gelyke gewig oor 'n sentrale punt).
- **Basiese reëls van die kop, bene, arms en liggaam.**
- **Verplasing van gewig:** verplasing van gewig van een deel van die liggaam na die volgende deel.
- **Koördinasie:** bring liggaamsdele in korrekte verhouding met mekaar.
- **Gravitasie:** Ballet werk teen swaartekrag.

(4)

6.3 *Ken 3 punte toe vir 'n verduideliking oor waarom dit belangrik is om danse van ander kulture te bestudeer.*

- Om ander kulture te verstaan en om meer oor hul agtergronde te leer.
- Om enige stereotipe wat ons teenoor andere kulture mag hê te verbreek.

- Verskaf die vermoë om dinge uit 'n ander perspektief te sien en om dalk 'n groter respek vir ander kulture en hul tradisies te hê.
- Ons vergroot ook ons kennis oor die wêreld om ons en dit lei tot self ontdekking.
- Hierdie studies sal verhoed dat die tradisies en simboliek van die kulture uitsterf en daardeur hul lewensverwagting verleng.
- Dit vermeerder ook ons eie danstaal.

(3)
[10]**VRAAG 7 INTERNASIONALE CHOREOGRAAF****MEMO:**

FOKUS VAN VRAAG	ONDERWERPE			VERMOËNSVLAKKE		
	1	2	3	LAAG	MEDIUM	HOOG
Internasionale choreograaf			√			
Herkenning – 7.2				4		
Analysis – 7.3, 7.4					8	
Evaluering – 7.5						3

NOTA AAN MERKERS:

Gebruik professionele oordeel wanneer die kwaliteit van die kandidate se antwoorde geassesseer word. Kandidate het dalk meer inligting in een afdeling as in 'n ander gegee. Evalueer die hele antwoord om te assesser wat die kandidaat weet en gee punte daarvolgens. Geen puntetoekenning vir die naam van die choreograaf nie. Kolpunte word gebruik om nasien te vergemaklik.

EEN MOONTLIKE ANTWOORD:7.1 *Revelations* deur Alvin Ailey7.2 *Ken 4 punte toe vir die eienskappe van die dansstyl van sy/haar danswerke.*

- Ailey is in 1931 in Texas VSA gebore.
- Hy het saam met sy moeder groot geword in 'n arm gemeenskap toe swart mense baie min geleentheid gehad het.
- Ailey was 'n atletiese en kreatiewe persoon en het begin belangstel in gimnastiek terwyl hy op skool in Los Angeles was.
- Sy gimnastieke opleiding word weerspieël in baie van die atletiese bewegings wat hy in sy choreografie ingesluit het.
- Sy gimnastiekonderwyser was ook 'n moderne dansonderwyser en het hom bekend gestel aan dans.
- Hy het verlief geraak op moderne dans aangesien hy dit kon kombineer met sy atletiese bou en sy kreatiwiteit.
- Ailey het begin dansklasse neem by Katherine Dunham en later by Lester Horton Skool, een van die min plekke wat swart dansers in die ateljee verwelkom het.
- Horton se tegniek het 'n groot invloed op Ailey gemaak en hy het uiteindelik die skool oorgeneem waar hy baie van Horton se style in sy eie danswerke opgeneem het.
- Ailey verhuis na New York waar hy onder Martha Graham studeer het. Haar kontemporêre tegniek het weereens sy choreografiese styl beïnvloed.

(4)

7.3 Ken 4 punte toe vir 'n gedetailleerde verduideliking oor hoe die choreograaf se choreografiese loopbaan ontwikkel het.

- Ailey het sy debuut as 'n danser vir die *Horton Company* gemaak.
- Ailey het as direkteur vir Horton se dansgeselskap na Horton se dood oorgeneem
- Ailey het op en van Broadway af opgetree, ook in films, en het as 'n danser, choreograaf, akteur en regisseur gewerk.
- Ailey het sy eie dansgeselskap gestig, bekend as die *Alvin Ailey American Dance Theatre*, wat 'n repertoriumgeselskap was wat dikwels die werk van baie verskillende kunstenaars vertoon het, ongeag hulle ras.
- Ailey het suksesvolle danswerke gechoreografeer wat in Europa, Australië en Afrika getoer het, soos *Revelations*.
- Ailey het saam mense soos Hugh Masekela gewerk toe hy *Masekela's Language* geskep het.
- Hy het ook 'n solo geskep, wat *Cry* genoem is, wat aan sy moeder op haar verjaarsdag opgedra is.
- Hy het meer as 50 danswerke vir sy geselskap geskep en nog baie meer vir ander geselskappe in sy loopbaan.

(4)

7.4 Ken 4 punte toe vir die karaktertrekke van die dansstyl van haar/sy danswerke.

- Beïnvloed deur sy Dunham, Horton en Graham-opleiding, het Ailey 'n baie herkenbare kontemporêre-Afro-jazz-gospel-styl ontwikkel.
- Hy het baie vloerwerk, golfbewegings van die bolyf en arms en kragtige, emotiewe beweging gebruik.
- Sy choreografie was vermaaklik en toeganklik.
- Hy was bekend vir sy pragtige dansers, mooi aangetrek, wat pragtige bewegings maak.
- Sy choreografie was persoonlik, organies, akrobaties en sterk gewortel in sy agtergrond en sy geloof.
- Sy formasies van groot groepe dansers op die verhoog het groot toejuiging ontvang.
- Ailey het daarin geslaag om die gaping tussen kontemporêre dans en die algemene publiek in die Verenigde State te oorbrug; hy het gevoel dat dans toeganklik moet wees vir gewone mense, soos sy tantes en ooms wat nooit baie geleenthede gehad het a.g.v. segregasie in Amerika.
- Hy het ook populêre dansstyle en die ondervindings en die gelowe van swart mense met groot teatrale vaardigheid saamgevoeg.

(4)

7.5 Ken 3 punte toe vir waarom 'n Suid-Afrikaanse student dink dit is belangrik om van internasionale dansgeskiedenis te leer.

- Help om 'n oop gemoed te hê.
- Het begrip vir die oorsprong van verskillende dansvorms.
- Om te weet wat die neigings is.
- Bly in kontak met wêreldveranderinge in dans.
- Help om getrou te bly aan self as 'n Suid-Afrikaanse danser.
- Kan onderskei tussen oorspronklike en gekopieerde werkstyle – help om nie te dupliseer wat alreeds gedoen is nie.

(3)
[15]

VRAAG 8 SUID-AFRIKAANSE DANSWERK**MEMO:**

FOKUS VAN VRAAG	ONDERWERPE			VERMOËNSVLAKKE		
	1	2	3	LAAG	MEDIUM	HOOG
Suid-Afrikaanse danswerk			√			
Herkenning – 8.2				5		
Analisering – 8.3					4	
Analisering – 8.4					3	
Evaluering – 8.5						3

NOTA AAN MERKERS:

Gebruik professionele oordeel wanneer die kwaliteit van die kandidate se antwoorde geassesseer word. Kandidate het dalk meer inligting in een afdeling as in 'n ander gegee. Evalueer die hele antwoord om te assesser wat die kandidaat weet en gee punte daarvolgens. Geen puntetoekenning vir die naam van die choreograaf en die danswerk nie. Kolpunte word gebruik om nasien te vergemaklik.

EEN MOONTLIKE ANTWOORD:

8.1 Veronica Paeper

8.2 *Ken 5 punte toe vir 'n beskrywing van die storie/sinopsis van die danswerk.*

- Orpheus in die Onderwêreld is 'n uiters komiese ballet gebaseer op die Griekse legende van Pluto, god van die Onderwêreld, wat verlief raak op Euridike, vrou van Orpheus, en haar dan na sy koninkryk lok.
- Paeper se storie doen weg met die tradisionele verhaal van Orpheus, en sy baseer haar ballet op Jacques Offenbach se operette.
- Die aksie vind plaas in die laat 1920's, vroeë 1930's binne 'n Frans-Italiaanse agtergrond met Pluto as hoof van 'n Mafia-tipe onderwêreld, Kalliope, Orpheus se ietwat neurotiese en later dranksugtige moeder en Offenbach self wat 'n ogie hou oor die verrigtinge.
- Toneel 1: Hotel le Grand
Orpheus en Euridike se huwelik is nie gelukkig nie, en toe Pluto Euridike verlei en ontvoer, is beide sy en Orpheus verheug. Toe Kalliope, Orpheus se moeder, egter opdaag en uitvind wat gebeur het, is sy baie geskok en dring daarop aan dat Orpheus, in die belang van die mitologie, Olimpus toe gaan om hulp te kry sodat hy Euridike uit die Onderwêreld kan terugkry. Natuurlik dring sy moeder daarop aan om hom te vergesel.
- Toneel 2: Olimpus
Op Olimpus is die lewe taamlik vervelig, en toe Pluto vertel van Euridike, sy nuutste verowering, bied dit welkome hoewel ietwat verontrustende afleiding. Orpheus en Kalliope daag op en Jupiter stem toe tot haar versoek om hulp, waarop al die gode en godinne besluit om hulle na Hades, die Onderwêreld, te vergesel.

- Toneel 3: Hades
- Euridike is teen dié tyd die ster van die Onderwêreld se nagklub. Net toe die pret goed op dreef is, bederf Kalliope dit deur Jupiter te herinner aan die doel waarvoor hulle gekom het. Hy beveel Orpheus om te gaan, met Euridike saam met hom. Maar Offenbach gryp in en alles ontaard in chaos (Offenbach is een van die karakters in die ballet). (5)

8.3 *Ken 4 punte toe as die leerder 'n verduideliking kan gee van die produksie elemente soos kostuum, stelontwerp en musiek.*

- Peter Cazlet ontwerp beide die kostuums en dekor.
- Die aandjasse wat die “godinne” dra is ontwerp deur Dicky Longhurst.
- Die styl van die kostuums regdeur die ballet is tipies van die laat '20's en vroeë '30's.
- Die openingstoneel het 'n swierige trap.
- Olympus lyk soos 'n luukse passasiersboot kompleet met swembad en stoele en Hades word uitgebeeld as 'n bedompige nagklub met die oorheersende kleure rooi, donkerpienk en swart.
- Musiek gekomponeer deur die Franse komponis Jacques Offenbach is humoristies, geestig en satiries wat die werk sy wonderlike humor gee.
- Om die konsep van Orfeus as vioolleermeester te behou, is die bekende viool solo van Offenbach se operette vir die ballet behou.
- Nog 'n herkenbare stuk is Offenbach se bekende *Can-Can*. Baie van die melodieë is 'n samesmelting van twee of meer wysies uit verskillende operettes van Offenbach (4)

8.4 *Ken 3 punte toe vir die karaktertrekke van die dansstyl wat deur hierdie choreograaf gebruik word.*

- Orpheus het 'n klassieke tradisie, maar stappies word verenig met alledaagse bewegings en die styl van die stappies pas by die tydperk van die werk.
- Paeper gebruik dikwels die persoonlikhede van haar dansers as inspirasie vir haar choreografie: Phyllis Spira, Prima Ballerina vir KRUIK, het 'n merkwaardige sin vir die komiese gehad, en Paeper skep komiese rolle vir haar.
- Paeper was altyd oop vir voorstelle en ander mense se bewegings.
- Sy het die choreografie opgestel met net soveel insette van die dansers en het hulle aangemoedig om hul eie persoonlike interpretasie van die rolle te gebruik.
- Haar werke is meestal verhalend en haar oogmerk is “om nooit 'n gehoor te verveel nie”. (3)

8.5 *Ken 3 punte toe vir 'n bespreking oor die choreograaf se bydrae tot dans.*

- Paeper het beslis 'n bydrae tot die wêreld van Suid-Afrikaanse choreograwe gelewer.
- Sy het 'n enorme *repertoire* van werke, wat geselskappe vandag nog kan gebruik, ontwikkel.
- Paeper word beskou as een van die voorlopers van Moderne Klassieke Ballet in Suid-Afrika.

- Haar ballet *Drie Diere* word as heeltemal uniek beskou in die sin dat dit 'n samewerkingsinspuiting was vir al die kunsvorms – deur die vermenging van poësie, musiek en dans.
- Sy het 'n kwartet van sonnette gebruik wat N.P. van Wyk Louw in 1942 geskryf het.
- In hierdie sonnette skryf hy oor die vernietigende kwaliteite van die mens.
- Klatzow was diep geraak deur hierdie gedig, en hy komponeer 'n partituur wat die tema van Verwoesting weerspieël.
- Uit hierdie sonnette skeep Paeper 'n kragtige Dansdrama wat tot vandag toe nog beskou word as 'n mylpaal in Suid-Afrikaanse ballet.

(3)
[15]

VRAAG 9 MUSIKALITEIT /INSTRUMENTE/KATEGORIEË
MEMO:

FOKUS VAN VRAAG	ONDERWERPE			VERMOËNSVLAKKE		
	1	2	3	LAAG	MEDIUM	HOOG
Musikaliteit/instrumente/kategorieë		√				
Herkenning – 9.1				2		
Herkenning – 9.2				2		
Analisering – 9.3					3	
Herkenning – 9.3				3		

MOONTLIKE ANTWOORD:

9.1 *Ken 2 punte toe vir die definisie van musikaliteit.*

- Musikaliteit is die vermoë om verband te hou en uitdrukking aan jouself te gee deur musiek, om in staat te wees om dit nie net te hoor nie, maar ook om dit te voel.
- Musikaliteit is die vermoë om deur beweging die gevoel van 'n sekere stuk musiek te interpreteer.
- Dit is wanneer die danser een word met die musiek.
- Enige ander antwoorde wat die danser mee vorendag kan kom.

(2)

9.2 *Ken 2 punte toe vir die lys van 2 ander begeleidings wat in plaas van musiek gebruik kan word vir dans.*

- Hulle kan hul liggame gebruik.
- Hulle stemme.
- Die klere wat hulle dra, byvoorbeeld rubberstewels.
- Deur hande te klap.

(2)

9.3 *Ken 1 punt toe vir die verduideliking van die musiekkategorieë en 1 punt vir die naam van 'n instrument uit elke kategorie.*

9.3.1 Deur te blaas - trompet

(2)

9.3.2 Deur vibrerende stringe - kitaar

(2)

9.3.3 Deur elektroniese stromings - elektroniese klavierbord

(2)

[10]

**VRAAG 10 PRODUKSIEROLLE/CHOREOGRAFIESE
ELEMENTE/OPVOERINGSRUIMTES**

MEMO:

FOKUS VAN VRAAG	ONDERWERPE			VERMOËNSVLAKKE		
	1	2	3	LAAG	MEDIUM	HOOG
Produksie loopbane/choreografiese elemente/opvoerings ruimtes		√				
Analisering – 10.1				3	3	
Toepassing – 10.2					3	
Evaluering – 10.3						4

MOONTLIKE ANTWOORDE:

10.1 *Ken 3 punte toe vir 'n verduideliking van 3 produksie loopbane.*

VERHOOGBESTUURDER (VB)

- Bestuur alles wat op die verhoog en agter die skerms gebeur soos die stelle en rekwisiete veranderinge (bygestaan deur verhoog handlangers), en sal ook kommunikeer met die klank en beligting tegnisi.
- Die VB dra gewoonlik 'n kopstuk gedurende die vertonings en dirigeer lede van die produksie en bemanning om te verseker dat alle aspekte van die produksie - klank en beligting aanduidinge, die plasing van stelle en rekwisiete op en af van die verhoog, en die uitgange en ingange van die kunstenaars - is uitgevoer op die regte tyd en in ooreenstemming met die choreograaf se aanwysings.
- Die verhoog bestuurder is ook verantwoordelik vir die veiligheid van die kunstenaars en bemanning terwyl hulle in die teater is.

BEMARKINGSBESTUURDER

- 'n Bemarkingsbestuurder koördineer die bemarking en promosies van 'n dansgeselskap. Hy of sy se doel is om die organisasie te merk deur volgehoue en opvallende media veldtogte, die maatskappy se webwerf, nuusbrieff en huisprogramme, sowel as sy logo en briefhoof.
- Hy of sy sal advertensies bespreek vir die druk en uitsaai media, verwerk en versprei plakkate en pamflette en koördineer die fotosessie en media oproepe.

DANSKAPTEIN

- In sommige dansmaatskappye, is 'n danskaptein 'n senior danser wat aangestel word om repetisies waar te neem, nuwe dansers af te rig en notas of korreksies te gee na die opvoering.
- Hy of sy kan ook versoek word om 'n danser te vervang wat beseer is.

VOORHUISBESTUURDER: (Die titel word dikwels verkort na VHB bestuurder).

- Lid van die teaterbestuur, wat verantwoordelik is vir die dag-tot-dag verloop van die voorhuis (VHB) gebied (in teenstelling met die agterste verhoogareas).
- Hy/Sy kan die toesig hou oor die besprekingskantoor waar kaartjieverkope sal plaasvind, enige verkope/spyseniering stal asook die bestuur en dirigering van die **bodes** en enige ander deel van die gebou wat die publiek kan betree tydens hul besoek aan die teater.
- Hy koördineer die begin van die vertonings met die verhoogbestuurder, en hou rekord van die begin en einde van die tye van die vertonings, sowel as die grootte van die saal (aantal mense wat die vertoning gaan bywoon)
- In die geval van 'n brand of noodgeval, moet hy of sy beheer neem.

TEGNIESE DIREKTEUR

- 'n Tegniiese direkteur is verantwoordelik vir alle tegniese aspekte van 'n produksie en het kennis van baie aspekte van toneelkuns.
- Hy of sy word dikwels benodig om probleme op te los in die dae wat lei tot die opvoering. (3)

10.2 10.2.1 Dit is hoe jy van een beweging na die ander beweeg, deur hulle aan mekaar te verbind om vloei en vloeibaarheid van beweging te ontwikkel. (1)

10.2.2 Dit is die hoogste en mees gedenkwaardigste oomblik in die dans. (1)

10.2.3 Dit is die orde waarin bewegings, motiewe en maatmotiewe aan mekaar gesit word. (1)

10.3 10.3.1

- Dit het of 'n permanente gepleisterde muur, 'n reguit skerm of 'n swart lap wat agter op die verhoog gehang word.
- Lig kan agter op gewerp word om effekte te skep.
- Dit het openinge aan die kante van die verhoog vir dansers om op of af van die verhoog te kan tree.
- Dit skei die gehoor van die dansers. (2)

10.3.2

- Hierdie is gewoonlik oop areas waar gemeenskappe leef.
- Dansers mag 'n seremoniële dans rondom die vuur uitvoer.
- Die hele gemeenskap is betrokke. (2)

[10]

TOTAAL AFDELING B: 60
GROOTTOTAAL: 100